NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
SOMERSTRAND
GEMEENTE
LUISTER · LEEF

# GROEIGROEPE
## *Groepleiers*



Liewe Groepleier
Baie dankie dat jy ingestem het om 'n groeigroep te fasiliteer. Ons vertrou dat hierdie stap iets is waarin ons as gemeente nog nader aan die Here Jesus sal kom en dat Hy ons sal lei om in sy voetspore te volg.
As gelowiges is dit baie belangrik om persoonlik by mekaar in te skakel.

### Koinonia

Dit is die Griekse woord in die Bybel wat gebruik word om Jesusliefde tussen 'n gemeenskap of familie te verduidelik.

Die kultuur van vandag is vol kragte wat gesonde gemeenskap teenwerk en daarom is koinonia so belangrik.
Die wêreld is arm aan goeie en opbouende verhoudings!
Kleingroepe kan behoeftes aanspreek wat nie binne massabyeenkomste of deur 'n predikant tussen honderde mense aangespreek kan word nie.
Die goue voorbeeld van verhoudings is Jesus se vleeswording toe Hy mens geword het om by ons te wees en 'n perssonlike pad met 'n kleiner groep (twaalf dissipels) geloop het. Dit wys dus die belangrikheid van persoonlike en (in-persoon) verhoudings vir geestelike groei.
'n Gemeente wat arm is aan persoonlike verhoudings mis iets wat kernbelangrik is in terme van **Geestelike Groei**!

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
SOMERSTRAND
GEMEENTE
LUISTER · LEEF

## Die doel van die groeigroep:

- Tyd met die Woord - Om nader aan Cristus te groei.
- Tyd met mekaar - Om nader aan mekaar te groei.
- Tyd om saam diensbaar te wees - Ondersteun saam 'n Barmhartigheids- of Sendingprojek.
- Tyd vir ander mense - Om nuwe mense te betrek.

**In praktyk**

'n Groeigroep maak 'n ooreenkoms met mekaar (op skrif, d.m.v. 'n vorm) waarin die werkswyse van die groep op 'n duidelike en eenvoudige manier ooreengekom word. Dit belyn die groep se verwagtings met mekaar, help die groep om fokus te behou, en dit skep 'n voorspelbare omgewing vir die wat inskakel om met vrymoedigheid deel te neem. Daar word ooreengekom hoe hulle dit gaan bereik:

- Hoe gereeld en wanneer hulle byeenkom (bv. weekliks / elke twee weke; dag en tyd).
- Hoe lank die sessies gaan wees.
- Waar hulle byeenkom (bv. rotasie tussen lede se huise of 'n sentrale plek).
- Hoe die sessie gaan verloop (Bybelstudie; saam eet; saam kuier; saam bid).

- Wat hulle gaan doen om nader aan mekaar te groei (bv. groepe kan saam eet en op gesonde en opbouende maniere sosialiseer. Dit gee geleentheid om te hoor hoe dit met elkeen gaan.) **NB! Opregtheid is belangrik!**
- Wat hulle gaan doen om as groep diensbaar te wees (Die groep identifiseer 'n projek waar hulle kan betrokke raak en kan deelneem). **Bid daaroor: Wat is iets wat ons vir ons gemeenskap / vir die Koninkryk kan doen? Waar is daar 'n behoefte?** Dit kan tydens byeenkomste beplan word, maar op ander tye plaasvind. Die groep kan self besluit oor die aard van die projek. Hulle besluit ook self of dit deurlopend is, en of dit iets is wat een of twee keer die jaar gebeur. Hulle besluit ook self of dit 'n projek is wat aansluit by die kerk se bestaande projekte  en of hulle iets anders gaan identifiseer.

As jou deelname aan die groep die doel bereik om nader te leef aan Christus, nader te kom aan ander en diensbaar te wees vir die Koninkryk...



# Vertel dit vir ander!

**GROEIGROEPE** *Groepleiers*

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
SOMERSTRAND
GEMEENTE
LUISTER · LEEF

# Belangrik!

## Vertroulikheid

Lede hoef nie hul donkerste geheime te deel nie, maar die groep bied wel 'n beskermende ruimte waar mense eerlik en opreg met mekaar kan wees en ook moeilikhede kan deel sonder die vrees dat dit buite daardie vertroue en gedeelde bedoelings van die groep misbruik sal word.

## Eksklusiwiteit

Die groep kom ooreen dat nuwe lede nie sonder die instemming van die ander lede saamgebring word nie. Dit is ook belangrik dat die groep nie te veel wisseling van lede ondergaan deur die loop van die jaar nie. Dit kan die hele doel en fokus van die groep, soos in die ooreenkoms vervat, in die wiele ry. 'n Kleiner groep kan wel begin met die verstandhouding dat 'n paar nuwe mense nog kan bykom of dat hulle nog nuwe lede wil intrek binne die raamwerk van die ooreenkoms.

## Tydsduur

Beplan 'n goeie einde, bv. die groep verbind hulle tot 'n jaar. Daarna kan elkeen besluit of hulle na nuwe groepe wil beweeg en of hulle as groep weer wil verbind tot nog 'n jaar.

## Deelname

Daag op, neem deel, wees opreg!
Lede neem voor om die groep 'n kans te gee, in te skakel en opreg te wees. Jy hoef nie al jou geheime te deel nie, maar dis belangrik om eerlik te wees en 'n poging aan te wend om ander lede te leer ken en iets van jouself te gee.

## Groepgrootte

Enigiets tussen 6-10 mense is 'n goeie getal vir 'n groep, maar die aanbeveling is 8 persone omdat meer mense die dinamika en persoonlike karakter van die groep sal verander.

## Hoe begin ons?

- Kontak vir ds. Vian by 061 589 1562 of vir Marius du Preez by 083 303 7643.
- Kry jou groep bymekaar en vorm 'n ooreenkoms. Daar is 'n voorbeeld van so 'n ooreenkoms in die boekie.
- Laat weet vir Marius wanneer julle 'n groep het, sodat ons julle kan ondersteun waar nodig.
- Kies materiaal. Kry erediensmateriaal weekliks by ds. Vian, of kies julle groep se eie materiaal.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
SOMERSTRAND
GEMEENTE
LUISTER · LEEF

## Projekte

Die projekte soos onder genoem is reedsbestaande projekte in die gemeente of in die gemeenskap waar gemeentelede betrokke is. Jou groep kan hier betrokke raak, 'n projek kry, of selfs een begin en daar betrokke raak.

### Gemeenskap

- Barcelona-projek
- MTR Kinderhuis
- Hek 1 & Hek 5
- ACVV
- Somerstrand Gemeente Barmhartigheidsdiens
- Bosslapers
- CMR

### Sendelinge

- Evelyn Lotz
- Gerrit en Sonja Brink
- Hugo en Jackie Wolmarans
- Corneille en Sophie
- Moheb en Kim
- Zithulele

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
SOMERSTRAND
GEMEENTE
LUISTER · LEEF

# Groeigroepooreenkoms

## Ons doelwit:

Om geestelik in die Here Jesus te groei binne die veilige ruimte van 'n groeigroep en om so gesonde persoonlike verhoudings te kweek. Daarmee saam het ons groeigroep die addisionele doelwit om:

______________________________________________

______________________________________________

## Ons waardes:

- Bywoning – Ek neem voor om die groeigroep te prioritiseer en wanneer ek dit nie kan maak nie, ek die res van die groep betyds sal laat weet.
- Vertroulikheid – Ek neem voor om by te dra om die groeigroep 'n veilige ruimte te help maak waar al die lede gemaklik voel om eerlik te kan deelneem.
- Eksklusiwiteit – Ek neem voor om nie ander mense saam te bring voordat die hele groep nie daartoe instem nie.

## Prakties:

- Dag en tyd: ______________________________________
- Plek: __________________________________________
- Kindersorg: _____________________________________
- Verversings/ete: _________________________________
- Tydperk van ooreenkoms: ___________________________

Naam & Van: Datum:

______________________________________________